# Laerskool Eligwa

2 Oktober 2025

Nuusbrief Nr. 12 van 2025

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

U kind sal sy / haar vorderingsverslag Vrydag ontvang tussen 07:00 en 07:30. Ons amptelike ouermiddag is op Dinsdag, 21 Oktober 2025 **vanaf 14:00 tot 16:00.** Slegs leerders van Gr.1- 7 wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Ons versoek u vriendelik om by bogenoemde tye te hou. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek.

**2. BEGROTINGSVERGADERING**

Daar was nie 'n kworum by die begrotingsvergadering van 1 Oktober 2025 nie. Die vergadering word dus geherskeduleer en sal nou plaasvind op Woensdag, 29 Oktober 2025 om 17:30 in die skoolsaal. U teenwoordigheid sal waardeer word.

**3. GROEPFOTO'S – Gr. RR tot Gr. 3**

Ons beplan om op Woensdag, 29 Oktober 2025, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. RR tot Gr. 3. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 24 Oktober 2025. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Mini-netbal en mini-rugby. (In sportdrag)
2. Skaak. (In skooldrag)
3. Mini-krieket en mini-hokkie. (In sportdrag)
4. Kultuur. (In skooldrag)
5. Provinsiale kleure (skaak, atletiek)

**4. KUNSFEES**

Ons het pas ons deelname aan die Kunsfeeskompetisie afgehandel. Ons het 293 Individuele inskrywings gehad wat as volg presteer het: A++ 181, A+ 63 en A 49. Geluk aan elke kind, ouer en afrigter vir al u moeite en ondersteuning. Ons is trots op die prestasies.

5. **GROEPFOTO'S – Gr. 4 tot 7**

Ons beplan om op Dinsdag, 28 Oktober 2025, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en Kultuuraktiwiteite van Gr. 4 tot Gr. 7. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 24 Oktober 2025. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Krieket en hokkie. (In sportdrag)
2. Rugby en netbal. (In sportdrag)
3. Atletiek - Sedibengspan. (Provinsiale klere)
4. Prefekte, skolierpatrollie, diensleiers , snoepieleiers , CSV-leiers, redaksiespan en klankleiers (in skoolklere)
5. D8 hokkie – in D8 sweetpakke.
6. Provinsiale rugby.
7. Redenaars (In volle skooldrag soos hulle deelgeneem het)
8. Kultuur

6. **WISKUNDE OLIMPIADE**

Baie geluk aan Thomas Floor wat deelgeneem het aan die Gr. 7 Provinsiale Wiskunde Olimpiade. Thomas het al die ander skole in Gauteng se Gr. 7- leerlinge uitgestof en is aangewys as die algehele wenner in Gauteng. Daar het ongeveer 19 000 Gr. 7- leerlinge deelgeneem aan die kompetisie.

7. **WALTONS**

Ons het verlede jaar met ons Gr. RR- tot Gr. 2- leerders met die Waltons skryfbehoefte bokse begin om dit vir ons ouers makliker te maak. Daar was verskeie versoeke van ons ouers om dit uit te brei tot by Gr. 7. Alle leerders gaan dus 'n lys ontvang wat u kind benodig vir die volgende akademiese jaar. Dit is werklik kwaliteitprodukte. Hoe gaan dit werk: U neem die bestelvorm en merk af wat u benodig. Waltons verpak u bestelling in 'n netjiese boks en u kom haal dit by die skool af. U hoef dus nie van winkel tot winkel te stap om u aankope te doen nie. **Let wel:Hierdie is 'n gratis diens wat aan u gelewer word om u tyd te bespaar en seker te maak u kind het al sy benodighede vir 2026.** Die bestelvorms moet voor of op 3 Oktober 2025 terug wees by die skool en u kan u boks by die skool kom afhaal op 7 November 2025 tussen 12:00 en 14:00. Waltons sal op 7 November 2025 self by die skool wees om die boks aan u te oorhandig. U kan Waltons op 7 November 2025 kontant of met 'n kaart betaal. Geen vooraf EFT betalings kan gedoen word nie.

8. **RASSISTIESE TAALGEBRUIK**

Ons wil graag 'n vriendelike versoek aan ons ouers rig om daarop te let waarna hulle kinders kyk op televisie asook die taalgebruik op sekere videospeletjies. Dit het onder ons aandag gekom dat van ons leerlinge ongewenste taal gebruik wat aanstoot kan gee. Dankie vir u begrip in die verband.

9. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Baie geluk aan Avery Gorrie wat aangewys is as die beste onder 13 skaakdogter in Gauteng. Sy het deelgeneem aan die individuele Gauteng Skaakkampioenskappe en al haar wedstryde gewen. Baie geluk Avery, ons is voorwaar trots op jou.

Baie geluk ook aan ons 1ste krieketspan wat die liga gewen het. Ons is baie trots op julle.

**10. <u>SKOOLSLUITING</u>**

Die skool sluit Vrydag, 3 Oktober 2025 en heropen weer op Maandag, 13 Oktober 2025. ’n Aangename rustyd saam met u kinders word u almal toegewens. Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees op Vrydag, 3 Oktober 2025.

Eligwa groete



____________________________________

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za